Portulacaria afra

Volksnaam: Spekboom

Familie: Portulacaceae

Habitat: Noordelike hellings in die Suid– en Oos Kaap, in die Klein Karoo tot by Baviaanskloof en van Touwsrivier tot by Graaff Reinet.

Plant beskrywing: Veelstammige struik tot 2m hoog. Blare is plat, rond, vlesig en helder groen. Blomme pienk. Die plant is nie sout bestand nie en word geel en groei stadig in brak grond.

Smaaklikheid: ★★★ matig vir vee en wild.

Saad beskrywing: Die klein vruggies is gevleueld en word deur die wind en miere versprei.

Lewensvatbare saad per kg: onbekend

Hoe om te plant: Die beste metode is om steggies met wortels of groot steggies (1m) sonder wortels te plant. Plant steggies een derde tot een kwart van hulle lengte diep tydens 'n tyd van die jaar waneer reën verwag word. Die plante sal vinniger groei met ekstra water, maar dit is nie noodsaaklik om hulle sodoende te laat vestig nie. Oormatige water op swak-dreinerende grond sal die plante laat vrot.

Spekboom ruigtes naby Willowmore aan linkerkant. Spekboom is verweider deur oorbeweiding aan regterkant.

Links: takke met blare; Regs: groen saad

Groot steggies in land geplant

Verwysings

PRECIS data van suider Afrika se plant verspreidings en taksonomie. http://sibis.sanbi/faces/SearchSpecies/

Renu-Karoo ongepubliseerde data